

Nico van Gijsen | Vermy die strik wat 'n reeksmoordenaar uitvang

24 netwerk24.com/sake/geldsake/nico-van-gijsen-vermy-die-strik-wat-n-reeksmoordenaar-uitvang-20261003-0828

Los die 'finansiële raad' van vriende langs die braai, of van die 'slimkop'-familielid wat self niks het nie, maar vir almal wil raad gee, skryf Nico van Gijsen.

Ek kyk vandag na van die “klein dingetjies” in finansiële beplanning wat jou aftrede kan beduiwel.

Die gedagte vir die onderwerp het gekom nadat ek nou die aand die fliek *The Little Things*, met Denzel Washington en Rami Malek, gekyk het (al moes ek myself kort-kort herinner dat Rami nou 'n speurder is en nie Freddie Mercury in *Bohemian Rhapsody* nie).

Die sleutelboodskap in die twee speurders, Joe Deacon en Jim Baxter, se soektog na 'n reeksmoordenaar is dat dit die “klein dingetjies” is wat jou uitvang.

So ook met beplanning rakende aftrede. Los die gewoonlik onnosel stukkies finansiële raad van vriende langs die braai, of van die “slimkop”-familielid wat self niks het nie, maar vir almal wil raad gee.

Ek kyk na wat regtig gebeur.

Nie genoeg gespaar

Aftrede het net een probleem, die verlies van goeie gesondheid uitgesonder: Daar is te min geld. En die rede vir die te min geld is dat mense nie genoeg spaar nie. Dis al. Dit is so eenvoudig.

Ja, ek weet, en ek is regtig nie gevoelloos teenoor mense wat dit nie te breed het nie. Dit is moeilik om te spaar as jou inkomste reeds min is en jou verpligtinge baie.

Maar die waarheid van die lewe het nie simpatie nie. En die reël van die lewe wat ek verkondig: Jy wil nie hê dat jou geld voor jou doodgaan nie.

Jy moet probeer. Sny waar jy kan. En gaan sny dan waar jy nie kan nie, maar waar jy moet. As jy nie 'n groot salaris verdien nie, kan jy gewoonlik steeds spaar deur onnodige uitgawes te sny.

Begin vroeg in jou lewe. Hoe vroeër, hoe beter. Selfs as jy net R1 000 per maand spaar, wat jy elke jaar met 5% verhoog, met 'n groeikoers van 9% per jaar, kan dit oor 20 jaar vir jou 'n bykomende sowat R1 miljoen by jou aftreefonds voeg. Begin met R5 000 per maand, of R10 000 per maand, en jou geldprobleem begin al hoe skraler lyk.

Jy wil probeer om jou leefstyl ná aftrede te kan voortsit. Dit kan nog 30 of 40 jaar wees. Tyd waarin jy nie ander inkomste het nie. Dit wat jy gespaar het, is dit wat jy het en sal hê.

Los sommer ook die gedagte van vroeë aftrede. Dit maak jou tyd om te kan spaar korter en die tyd wat jy daarvan moet leef langer.

Keuses by aftrede

By aftrede het jy wat jy het. Wat jy nie het nie, het jy nie.

As dit aan die min kant is, gaan werk. Ouderdom op sy eie maak jou nie lam nie. En daar kan nog baie jare voorlê. Maak seker dit is goeie jare deur die geldstres te verlig.

As jy nie lid van 'n vastevoordeelfonds is nie, gaan jy met jou aftreefondsgeld 'n pensioen moet aankoop. Jy kan kies tussen 'n beleggingsgekoppelde lewende annuïteit of 'n gewaarborgde lewensannuïteit.

Watter een?

Lewende annuïteit

Ek dink dit is nou al algemene kennis by lesers dat jy met 'n lewende annuïteit kan kies hoeveel pensioen jy jaarliks wil onttrek, tussen 2,5% en 17,5% per jaar van jou kapitaal.

Laat ek net eers dít sê: Ek sien advertensies wat dit wil laat klink of XYZ se lewende annuïteit beter is as ander s'n. Dit is nie só nie. Daar is een wet, en dieselfde reëls geld vir almal.

Die verskil tussen een ou se lewende annuïteit en 'n ander ou se lewende annuïteit is die finansiële raadgewer wat jy aanstel. Hy of sy wat die beleggingsportefeulje vir jou saamstel. Dit is al.

Hierin lê ook die eerste waarheid met lewende annuïteite.

Die beleggingsrisiko is joune. Doen die markte goed en jou belegging groei, is dit uiteraard voordelig. Doen die markte minder goed, kan jou aftrekapitaal minder raak.

Wat my bring by die tweede waarheid. As jy meer onttrek as wat jy aan groei kry, gaan jy agteruitboer. Vinnig.

Wat my terugbring by die finansiële raadgewer. Sy of haar raad en beleggingsvoorstelle is die sleutel. Dit en jou eie dissipline met geld. Nie die bemarkingsmateriaal van die produkverskaffer nie.

Lewensannuïteit

'n Lewensannuïteit waarborg jou aftree-inkomste. In ons maatskappy stel ons voor dat die pensioen sowel die hooflid as die gade se lewenstermyn insluit. Met ander woorde, tot die dood van die langsewende. Met jaarlikse inflasiestygings.

Dit bring sekerheid en gemoedsrus. Jy kan jou aftrede geniet, pleks van jou bekommer oor insinkings in die mark.

Die een stukkie kritiek wat ek gereeld oor lewensannuïteite hoor, is dat jou geld by dood “weg” is. Dit is nie só nie. Jou oorlewende gade (soos ek noem) is verseker van 'n pensioen tot by sy of haar sterfte. Met dieselfde jaarlikse groei.

As jy die oorspronklike kapitaal waarmee jy die gewaarborgde pensioen aangekoop het vir 'n begunstigde (byvoorbeeld 'n kind) wil beskerm, kan jy dit verseker. Dit is nie weg nie. Jy het opsies.

Kortom, jy kan die kapitaal beskerm tot ná die dood van die langsewende, wanneer dit dan sal uitbetaal aan daardie begunstigde. Die kapitaal raak nie minder nie, die oorspronklike bedrag is gewaarborg en betaal uit aan die begunstigde.

Met 'n lewende annuïteit kan jy dit nie doen nie. Wat oor is, is wat oor is. En in baie gevalle begin mense al binne so agt of 10 jaar onttrek teen die maksimum van 17,5%.

En omdat jou groei nie daarby kan byhou nie, raak jou kapitaal minder. So ook jou jaarlikse pensioen.

Kry goeie finansiële raad. Dit is die begin. En die einde.

Nico van Gijsen, 'n gesertifiseerde finansiële beplanner en belastingpraktisyn, is besturende direkteur van Finlac en 'n lid van Fisa. Lesers kan navrae aan hom stuur deur te skryf aan Raad met jou Rande, Posbus 8422, Johannesburg 2000 of nico@finlac.com.

briewe@rapport.co.za